Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 2 #35 3 November 2013

09:30 Oggenddiens

Ds Willem Steyn

Tema: In Christus het ons die voorreg om naby God te mag leef

Sing: Sb 1-2:1,2,3
Sing: Ps 89-2:5 (Kinderbegeleiding)
Sing: Ps 126-1:1
Skriflesing: Hebreërs 10:1-25 **Teks:** Hebreërs 10:19-20 NGB Art 21
Sing: Lied 292:1,2
Doop
Sing: Ps 105-1:5
Sing: Lied 428:1,2,4
Amen: Sb 13-3

11:30 International Service

Dr Raymond Potgieter

Theme: Christian integrity in financial matters
Scripture reading: Psalm 62 **Focus verses:** Psalm 62:12b

18:00 Gesamentlike aanddiens

Ds Karel Steyn

Tema: Ten slotte: Groei in jou verhouding met Jesus om op hierdie manier staande te bly teen die aanvalle wat kom!

Loftrysing

Lied 203: 1,2,3
Loof die Here, al wat lewe
Lied 197: 1, 2
Wonderbare Koning
Lied 257: 1, 3
O Heer, maak oop my hart se poort

Sing: Ps 99-2: 1,2,3,4
Sing Ps 90-2: 1,6
Skriflesing: Efesiërs 6:10-20
2 Timoteus 1:3-5
Teksvers: Efesiërs 6:10
Sing: Sb 15-1: 1,2,3,4
Sing: Sb 14-3: 1,2,3,4
Amen: Sb 13-3

Noordbrug-gebouekompleks

Die Kerkraad en die Diakens het die verslag van die kommissie sowel as voorstelle van lidmate oor die moontlike verkoop van die Noordbrugkompleks oorweeg.
Uit die verslae en die bespreking het dit geblyk dat daar kontraktuele verpligtinge is waaraan die Kerkraad moet voldoen voordat die verkoop van die eiendom oorweeg kan word.
Die Kerkraad sal die gemeente inlig sodra daar wesenlike vordering met die proses gemaak is.
Lidmate wat voorstelle oor die verkoop van die eiendom gemaak het, word hartlik bedank vir hulle meelewing in die proses.

Gesamentlike diens

Vanaand word daar terugvoer gegee oor die Jeugbediening deur die jaar.
Die Laerskooljeug moet vanmiddag reeds om 17:00 bymekaar kom om te oefen vir hul opvoering met die aanddiens.

Geskenkpakkies vir Venterskroon

Geskenkpakkies vir Venterskroon gaan weer volgende jaar in Mei, net voor die winter gemaak word. Alle somer en winterklere en skoene is dan baie welkom. Dit is vir mans, vroue en kinders wat in baie basiese omstandighede leef. Jou bydrae sal baie waardeer word.

Teeskinkbeurte

3 November
KG 4 (Fransa Vorster) &
Wyk 4 (Albertjé Fouché)

10 November
KG 5 (Lizelle le Roux) &
Wyk 5 (Christa Smith)

17 November
KG 7 (Ina van der Walt) &
Wyk 6 (Lowisa Smit)

Baie dankie!

Liturgiese Werkgroep

Die volgende vergadering van die Liturgiese Werkgroep is op Dinsdag, 5 November 2013 in die sylokaal van die Kerksaal om 19:00 tot 20:30. Die hoofdoel van hierdie byeenkomste is om die betekenis, toepassing en belewing van die Liturgie vir elke lidmaat nog meer sinvol te maak sodat ons werklik die almal meer in die Liturgie en die res van ons lewe die eer van God kan besing en uitleef. Al ons lidmate word genooi om hieraan deel te neem hetsy om hulle insette self te kom lewer of om vir ons voorstelle te stuur wat ondersoek kan word. Ons sal enige deelname baie waardeer. Kom ons werk almal saam om ons Liturge ook te ondersteun! Ons sal veral spesifieke versoeke vir sang of preke wil deurgee aan ons liturge.
KOM WORD DEEL VAN HIERDIE GEREELDE GESPREKSGROEP!
Skakel gerus met Fransa by die Kerkkantoor of met Lou van Wyk by louvw@intekom.co.za of by 0845201086.

Die kollekte by die Hervormingsdiens was vir Bybelverspreiding en daar is R2171.35 gekollekteer. As dit omgereken word in Bybelskenkings het elke persoon teenwoordig 60 bladsye van 'n Bybel geskenk.

Katkisasie-afsluiting

Op Saterdag, 16 November word die katkisasie vir die jaar afgesluit met 'n uitstappie na **Wawielpark**.
Alle kinders (voorskool tot hoërskool) en hul **ouers** word saamgenooi na hierdie geleentheid.

Skryf asb vandag nog julle name op die lys in die portaal... Ons het 'n **bus** wat gaan ry, so as jy nie self wil of kan ry nie, is jy welkom om nog steeds saam te kom.

Onthou om jou eie drinkgoed saam te bring. Bring gerus ook gazebos saam om op te slaan.
Ons gaan almal op die 16e om **07:45** by die kerksaal bymekaarkom, sodat ons om 08:00 kan vertrek.
Kostes beloop as volg:
R50 per persoon en R30 per voertuig.
Dit is gratis vir alle kinders in ons gemeente.
Enigiemand (jonk en oud) is welkom om ook die dag saam met ons te geniet.

Dringende hulp gevra

Met die afgelope storm, het 'n dame wat by die Universiteit werksaam is se huis skade gely. Sy is 'n enkelouer met twee kinders (een dien sy PhD in en die ander een is 'n tweedejaar student). Die huis se dak het met die storm meegegee en moet dringend vervang word. Die huisinhoud het ook skade gely. Iemand vanuit die gemeenskap het reeds hulp aangebied om die dak te vervang. Die sitkamerstel het ook erge waterskade gekry.
Enige donasies om by te dra om die dak te vervang sal opreg waardeer word.
Skakel met Cecile Eloff vir meer inligting: Cecile.Eloff@nwu.ac.za of 082-323-6693

Studiesentrum

Ons is dankbaar dat ons op hierdie manier diensbaar mag wees in die koninkryk van ons Here. Daar het hierdie week sommer heelwat studente kom studeer, en sokker gespeel op die nuwe veld. Baie dankie vir almal wat reeds diens gedoen het in die afgelope week. Skryf asb vandag weer jou naam op vir die nuwe week.

Ouderlinge en Diaken aan diens

Ouderlinge:	Diaken:
George Lotter	Elza Hattingh
Gerrit Pienaar	

Sterkte! met die eksamen

Wie is G5? Almal wat jonk van gees is en graag betrokke wil wees by die bediening op die Bult.

Meelewing

Ons is saam met **Lourens** en **Liezl Kruger** dankbaar dat hulle dogtertjie, **Janke**, vanoggend gedoop word. Mag die Here julle ryklik seën in die opvoeding van Janke en Loutjie.

Johanna van der Merwe kry DV more 'n knievervanging. Ons bid dat alles goed sal afloop, en vir spoedige herstel.

Ons bid vir ons belydenisklas: **Johan Rousseau**, **Hanke de Kock** en **De Wet Le Roux**, wat in hierdie week 'n ondervraging en geloofsgesprek het met 'n kommissie van die kerkraad. Hulle sal DV volgende Sondagoggend 'n openbare belydenis van hulle geloof doen.

Ten ways to LOVE

1. Listen without interrupting.
(Proverbs 18)

2. Speak without accusing.
(James 1:19)

3. Give without sparing.
(Proverbs 21:26)

4. Pray without ceasing.
(Colossians 1:9)

5. Answer without arguing.
(Proverbs 17:1)

6. Share without pretending.
(Ephesians 4:15)

7. Enjoy without complaint.
(Philippians 2:14)

8. Trust without wavering.
(Corinthians 13:7)

9. Forgive without punishing.
(Colossians 3:13)

10. Promise without forgetting.
(Proverbs 13:12)

Verjaarsdae

Vandag, 3 November

Imke de Kock (15)	079-496-1169
Jan de Kock	082-888-2003
Elmari Fouché	082-532-3118
Koos Schoeman	082-433-8222
Albert van der Merwe	018-297-3669

Maandag, 4 November

Ans Geertsema	073-192-8976
JC Potgieter	079-525-2507

Donderdag, 7 November

Cecil Rutherford	082-867-6456

Vrydag, 8 November

Gert de Beer	073-603-5035

Saterdag, 9 November

Werner van Tonder	083-631-1687
Elma van Wyk	082-952-1003

GESAMENTLIKE JEUGDIENS: VERVERSINGS!

Dit is vanaand ons gemeente se beurt om verversings te bedien na afloop van die laaste Gesamentlike Jeugdiens vir die jaar! Die Sustersbestuur het besluit om vanaand roomyshorinkies en vrugtesap op die kerksaal se stoep te bedien (die saal word tans gebruik as G5 studiesentrum). Ons benodig hulp met die voorbereidings om 17:30, asook met die bediening en die opruim na die tyd. Susters wat 'n roomyslepel besit moet dit asseblief saambring om te help opskep. Kom kuier asseblief vir oulaas gesellig saam met GK Oos en Mooirivier!

Wat is krag en wat mag die owerheid doen?

deur Fanie Jansen van Rensburg

Die onlangse dag van verootmoediging is verby en ons het elkeen op ons eie swak manier gebid (onder andere) vir 'n rustige en stil lewe in ons gekwelde land. Miskien moet ons ook nou met mekaar gesels oor hoe ons die staat (burgers) en die owerheid (amptenare) se onderlinge verhoudings behoort te sien.

In ons tyd het die staat ook die verantwoordelikheid om vir veel meer as net veilgheid te sorg, waaronder dan sake tel soos gesondheid, onderwys, watervoorsiening, en ander dienste. Die owerheid kom alte dikwels nie hierdie pligte na nie, en 'n wye verskeidenheid aanvaarbare optredes is dan vir die burgers beskikbaar om die amptenare onder druk te plaas sodat hulle hul werk (goed) kan doen. En dan is daar uiteraard die moontlikheid van erge spanning tussen die twee bogenoemde 'partye'.

Indien ons nou voorbidding doen en ons as gelowiges (soos die oproep bewoord was), die verantwoordelike owerheid/amptenare slégs versoek om "met krag op te tree teen enige wandaad", behoort 'n mens bekommerd te wees oor die moontlike betekenis van ons woorde. Dis veral omdat ons behoort te dink aan die herhaalde, onnodig ruwe optrede van polisie teenoor burgers, en dat ons nie sonder meer die uitdrukking "met krag" behoort te gebruik in ons versekering dat ons ook voorbidding vir die owerheid doen nie. (Terloops, die woord 'mag' om die owerheid se 'gesag' aan te dui, is ook 'n swak woordkeuse.)

Die beste sou waarskynlik wees om in die toekoms aan hulle te skryf dat ons van hulle verwag om: **binne die reg**, met krag/ferm, op te tree. Daar kan dalk nog ander moontlike bewoordings gebruik word, byvoorbeeld: om **met wysheid** en krag/ferm, op te tree; om **met geduld**, en krag/ferm op te tree; om **met omsigtigheid**, en krag/ferm op te tree; of om **met** die nodige **nederigheid**, gesien hulle opdrag as diensknegte, en met krag/ferm op te tree. Woorde het inderdaad baie slaankrag en betekenis, veral omdat dit binne 'n sekere konteks geskryf en gelees word.

Kerklike tydskrifte

Ons benodig iemand om verantwoordelik te wees vir die ontvang en uitdeel van ons gemeente se kerklike tydskrifte. Dit behels dat mens elke eerste Vrydag van die maand die Kerklike tydskrifte by die Admin Buro gaan haal, en om dit dan ook op die Sondag daarna uit te deel.

As jy belangstel, skakel gerus met Johanna van der Merwe (018-293-1903) of Fransa by die kerkkantoor.

Welkom hier!

Carla Roets
072-157-4133

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Ons bid vir... Marilda

Marilda de Oliveira is ons lidmaat vir meer as 20 jaar nadat sy uit Brasilië hier aangekom het. Sy het onlangs vir 'n paar jaar in Korea gewerk, eers as Engelse predikant en toe as Teologiese dosent. Op die oomblik werk sy vir 6 weke in die Filippyne as predikant by 40 gemeentes wat sy in die tyd moet besoek terwyl hulle leiers met verlof na Korea is. Dit is twee Koreaanse Christenvroue wat hierdie gemeentes gestig het. Hulle het ook 'n Teologiese Kollege daar gevestig. En hier moet Marilda tussendeur nog klasse gee.
Omdat dit moeilike paaie, vervoermiddele en baie ure se werk is, vra ons dat almal asb aan haar dink in hulle gebede.

Liefdegawes by die deure

3 November
Oggend: Deputate Jeugsorg
Aand: Gesamentlike Jeugbediening
10 November
Oggend: Venterskroon
Aand: Meelewingsfonds
17 November
Oggend: Teologiese Skool Hulpfonds
Aand: Meelewingsfonds

Moenie skaam wees nie, stuur jou foto vir die kerkkantoor! Of as jy nie 'n foto het nie, sal Fransa een van jou kom neem. Die foto's word op die dataprojeksiebord gewys as jy verjaar. Dit is 'n lekker manier om mekaar te leer ken!

@gkpotchBult
#gkbult
#potchG5

http://www.facebook.com
../gkpotchbult
../gkpotchbultG5
../VenterskroonBediening
../GKBultProjekte
../gkbultEnglishMinistry

www.
gkpotchbult.
co.za

Kontak ons

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skribas: Ig Vorster: 082-788-5902
Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Kosters (Molenstraat):
Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kleuterbediening: Marida Coetzee: 084-678-3863
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843

Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Eiendomskommissie: Johan van Dijk: 076-383-9150
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Saalverhurings:
Molenstraat: Kerkkantoor: 018-297-4843
Gerrit Dekkerstraat: Wilma Herbst: 082-965-7525
Breekware: Molenstraat: Elma de Kock: 083-302-5282
Gerrit Dekkerstraat: Wilma Herbst: 082-965-7525

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG